# Die begronding van geregtigheid 'n Perspektief op die wettebundels van die Pentateug

F.N. Lion-Cachet
Departement Ou en Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*We can ascribe a certain sense of righteousness to all people. Using the legal codes of the Pentateuch (the Book of the Covenant, Deuteronomy and Leviticus-Numbers), this paper undertakes to answer the question of the extent of the code's foundation in God and His relationship with people.*

## 1. Inleidend

In die dialoog oor die fundering van fundamentele regte kom die aard en die grond van alle reg en geregtigheid noodwendig onder bespreking. Wat is geregtigheid? Het geregtigheid alleen 'n formele wettiese basis of het dit 'n verhoudingskarakter wat met gesindhede te doen het? Op watter grond moet aan 'n ander reg gedoen word? Is hierdie geregtigheidsreëls eenvormig, en is sodanige reëls inherent aan die mens as mens gekoppel?

Redelik algemeen word erken dat elke mens 'n sin vir geregtigheid, reg en regverdigheid het (Brunner, 1948:12; Weber & Wolf, 1949:8; Calvyn, 1984:I: 287). Hierdie regverdigheidsin word gegrond in die verhouding van God tot die mens, of anders gestel, in die aanvaarding dat dit deur God in die gewete van die mens ingegraveer is (Brunner, 1948:43: Calvyn, 1992:IV:20:16; GKSA, 1985: 629). In hierdie opsig is die Dekaloog van kardinale belang: in die Ou Testament word die Goddelike oorsprong en begronding daarvan in sy inleiding aangedui (Eks. 20:1-2; Deut. 5:5-6). In hierdie ondersoek word egter gekonsentreer op die grond van die geregtigheidseis soos dit in die verskillende wettebundels van die Pentateug geformuleer is, omdat die bundels met meer tydsgerigte bepalings te doen het. Die bundels het ook elk 'n eie ontstaansgeskiedenis en tradisie wat dit die moeite werd maak om hulle afsonderlik te ondersoek.

In die ondersoek word eerstens met die historiese tydsgerigtheid en literêre konteks rekening gehou, maar dan ook met die gesagvolle openbaringshistoriese ka-

rakter daarvan. Die ondersoek word beperk tot 'n aanvanklike begripsbepaling, 'n eksegetiese ondersoek van enkele kerngedeeltes (Eks. 20-23, Deut. 6 en 16, Lev. 19 en 'n paar ander verwysings), waarna die gevolgtrekkings aangedui sal word.

## 2. Wat onder *geregtigheid* verstaan kan word

Die term *geregtigheid* word veral op tweërlei wyse verstaan.

Koch (1976:507) omskrywe die term *geregtigheid* (צֶדֶק) as "gemeinschaftstreu, heilvoll sein" terwyl ander (Quell, 1964:177) die klem laat val op 'vroomheid' of op die konstante uitvoering van God se bevele. Geregtigheid hou dan meer verband met die konformiteit aan bepaalde norme, ook in die sin van etiese of morele norme. Geregtigheid word soms as 'n juridiese term oorgeaksentueer (vgl. Pop, 1951:53-55. Quell neig self soms daartoe as hy meen dat die Bybelskrywers 'n juridiese denke ten opsigte van etiese en religieuse optredes het – vgl. Quell, 1964:177).

Ongeveer 92% van die woordstam צדק kom as selfstandige naamwoorde en byvoeglike naamwoorde voor. Die term het dus meer 'n selfstandige naamwoordsdominansie as 'n werkwoordelike funksie. Dit word ook in die buite-Bybelse literatuur bevestig (vgl. Koch, 1976:507). Geregtigheid het dus eerstens met 'n saak, 'n persoon en die gesindheid van die persoon te doen en tweedens met sy optrede of handeling.

Die stam צדק kom wydverspreid in die meeste Ou-Testamentiese boeke voor. Die verskil tussen die manlike צֶדֶק en vroulike vorm צְדָקָה van die selfstandige naamwoord is in die ouer dokumente van weinig belang (vgl. Koehler & Baumgartner, 1958:794-5; Quell, 1964:175; Koch, 1976:518 teenoor Knight, 1984:92). In die Pentateug waarin ou tradisies versamel is, dui die bekendheid daarvan daarop dat die eis om geregtigheid (Eks. 23:6-8; Lev. 19:15; Deut. 16:20) vir Israel van wesentlike betekenis was.

Die term *geregtigheid* kan in die 42 keer waarin dit in al sy vorme in die Pentateug voorkom, in verskillende domeine geplaas word. In Deuteronomium 32:4 word geregtigheid in 'n *teïstiese* domein gebruik: "'n God van trou sonder onreg; regverdig en reg is Hy". Laasgenoemde teks is die sleutel tot die aanduiding van die semantiese betekenis van die term. God in sy trou impliseer absolute geregtigheid. God se geregtigheid is ook bo alle omskrywinge en norme verhewe want daar is niemand aan wie Hy Hom moet verantwoord nie. Tog hou Hy Hom aan sy woord. Hy is die bron van alle geregtigheid en Hy eis 'n regte vertrouensverhouding van die mens teenoor Hom in *religieuse* geregtigheid (Gen. 15:6; Deut. 6:25; 9:4,5,6; 33:21; ens.).

Die *sosiaal-etiese* geregtigheid (Gen. 30:33; 38:26; Deut. 24:13; ens.) raak alle interpersoonlike verhoudinge asook die sosiale verbande (die familie, stam, volk en verbande soos die staat, ens. – vgl. Du Plessis, 1986:2). By die oortreding van die sosiaal-etiese wette en insettinge word die oortreder voor 'n regter gedaag om sy getrouheid aan die gestelde regte te beoordeel. Hierdie handelingswyse impliseer *juridiese* geregtigheid (Lev. 19:15; Deut. 1:16; 16:18, 19, 20; 25:1; 27:19; ens.). Regverdige optrede kom daarop neer dat aan elkeen gegee word wat aan hom of haar toekom (vgl. 1 Kor. 7:3; Rom. 13:7 – Brunner, 1948:123).

In die kultus word van die mens verlang om die gegewe seremonies getrou na te kom en op dié manier word van hom *kultiese geregtigheid* geëis. Die kultiese reg mag egter nooit opgaan in die hou van 'n klomp uitwendige wette nie, maar hierdie reg eis altyd 'n persoonlike oorgawe aan God en 'n innerlike bewoëndheid en toegewydheid aan Hom in die uitvoer van die uitwendige seremonies (vgl. Eichrodt, 1961:415).

Dit kom voor asof die uitwendige en tydsgerigte bepalings in die lig daarvan dat hulle soms verander en selfs afgeskaf is (vgl. Hand. 15:28-29), minder gewig dra. Patric (1985:189) stel dat

> ... for the period during which the legal tradition was in formation, the law of God was an unwritten law. It was the sense of justice and right shared by the legal community and sharpened by the lawgivers and judges ... the precepts and judgements of the codes were not prescriptions of the codes with statutory force but testimony to God's just and righteous will.

Hy oorspan hier egter die menslike insette in die vormgewing van die wette en neig daartoe om die wette van hulle goddelike gesag te beroof. Self die vormgewing van tydsgerigte bepalings het alleen op gesag van God plaasgevind (vgl. Num. 36:6 ). Wie daarvolgens opgetree het, het regverdig gehandel.

*Samevattend:* Geregtigheid is 'n verhoudingsterm wat na 'n aktuele verhouding tussen twee partye of persone verwys en 'n optrede veronderstel wat ooreenkom met, of trou is aan die eise wat uit so 'n verhouding ontstaan. Ook moet elke party in die verhouding ontvang wat hom toekom (vgl. Von Rad, 1963:372; Eichrodt, 1961:240 – albei verwys na die werk van H. Cremer in 1899). Die ewewigtigheid in 'n geregtigheidsverhouding vertoon 'n geheelheid of 'n harmoniese eenheid (vgl. Pedersen, 1926:338). Die ware geregtigheid het dus twee bene: onderlinge trou *en* die handhawing van die eise (wette) wat so 'n vertrouensverhouding meebring.

## 3. 'n Nadere ondersoek van enkele geselekteerde gedeeltes

Hierdie ondersoek begin by die sogenaamde *Bondsboek*.

Die Bondsboek is een van die oudste versamelings mondelinge en skriftelike tradisies (vgl. Childs, 1974:452-5). Daar is wel baie ooreenkomste met die Ou Oosterse wette (vgl. Gerstenberger & Schrage, 1980:50) maar die volk het self ook hulle familie- en stamtradisies en wette gehad (Boecker, 1980:28-30). Sommige dateer die boek tussen die intogtyd en die sogenaamde Deuteronomistiese era. 'n Groot deel van die wette dra 'n agrariese karakter wat aan die toestande in Gosen (Van Selms, 1961:336; Noth, 1962:174) of in Israel na die vestiging herinner. Laasgenoemde stelling sluit egter nie uit dat ouer wette ingekorporeer is nie. Trouens, die wette word in Eksodus nou aan die vroeëre belewenis van Israel by die Dekaloogwetgewing by Sinaï verbind. Aan die ander kant word Israel veral teenoor die invloed van die Kanaäniete geposisioneer (Childs, 1974:458). Die Dekaloogwetgewing was grondliggende wetgewing vir 'n volk wat hulle in 'n land moes gaan vestig.

Die versameling (Eks. 20:22 of 21:1-23:33) toon min logiese ordening. Sommige betwyfel of Eksodus 20:22-26 daarby hoort (Fensham, 1970:143). Eksodus 23:19-33 word algemeen as epiloog aanvaar, want dit het die karakter van 'n aanmoediging of 'n preek sonder dat daar na die voorafgaande wette verwys word. 'n Kort strukturele oorsig kan soos volg daar uitsien:

| | |
|---|---|
| 20:20-26 | Altaarwette (apodikties-kulties) |
| 1:1:11 | Slawewette |
| 21:12-36 | Wette ter beskerming van die lewe |
| 21:37-22:17(16) | Wette ter beskerming van eiendom |
| 22:18-31(17-30) | Verskillende wette (apodikties-religieus en sosiaal-eties) |
| 23:1-9 | Prosessering van wette (wets-etos) |
| 23:10-19 | Kultiese kalender (apodikties-kulties) |
| 23:20-33 | Epiloog |

Uit bostaande is dit duidelik dat die familiegeoriënteerde en stamwette (apodiktiese wette) en die wette wat meer in die poorte gebruik is (kasuïstiese wette) (vgl. Alt, 1966:88-114; Patric, 1985:23; Noth, 1962:174) mekaar byna willekeurig opvolg. Die tweede persoon enkelvoud en meervoud word onderskeidelik gebruik. Die bundel is dus heel moontlik 'n latere samestelling. Die vraag ontstaan dus wat die begronding hiervan is.

Die versameling het geen formele proloog nie. Eksodus 20:22 begin wel met "En die HERE het vir Moses gesê ..." wat 'n uitdruklike aansluiting by die voorafgaande gedeeltes is (vgl. 19:9, 10, 21, 24) en daardeur hul oorsprong en gesag aandui. Verder word die enigheid van *Jahwe* beklemtoon (20:23). Die verordeninge (מִשְׁפָּטִים) word formeel aangekondig, maar יהוה word betekenisvol as subjek van die wetgewing aangewys en veronderstel (20:22-26, 23:13 en 15). God sal regstel as die mens nie regverdig optree nie. Geregtigheid sal geskied (22:23, 24, 27; 23:7). Ten slotte word bepaal dat alleen יהוה in die offerdiens

vereer moet word (20:22-26) en sy Naam word nog vier keer in die bundel (21:1-23:19) as voorwerp van verering genoem. Bogenoemde onderstreep die waarheid dat die wette uit Hom, deur Hom en tot Hom is. Dit is hier ook belangrik om op te merk dat Eksodus 20:21-23:33 weens sy verbintenis met Eksodus 24:1-18 en meer in besonder met Eksodus 24:1-8 die (Ver)bondsboek genoem word. Die Bondsboek is deel van die amptelike verbond wat יהוה met die volk gesluit het (vgl. Lion-Cachet, 1977:192-197). Die geregtigheid soos dit in die Bondsboek gekulmineer het, moet in die ruimte van die verbond van God met sy volk verstaan word.

Baie wette eis 'n ordelike samelewing en respek vir die persoon en besittings van ander en dan ook in besonder vir die swakkeres in die samelewing (vgl. Fensham, 1970:146, 173). Dit is ook opmerklik dat die gegewe wette in die loop van die tyd formeel verander is. Vergelyk die plek van die heiligdom in Eksodus 20:24 en Deuteronomium 12:5. Verdere steekproewe kan in Eksodus 22:18-31 gedoen word:

* Vergelyk Eksodus 22:18 (die doodstraf vir 'n towerheks) met Deuteronomium 18:10-12 (die doodstraf word nie genoem nie, maar die towerheks is vir יהוה 'n gruwel).
* In Eksodus 22:19 is die straf vir sodomie die dood terwyl die bepaling in Levitikus 18:23-24 breër gestel word en die oortreding net as 'n gruwel vir יהוה beskou word. In Levitikus 20:15-16 word weer bepaal dat die mens en die dier doodgemaak moet word, terwyl net die oortreder in Deuteronomium 27:21 vervloek word.
* Vergelyk Eksodus 22:20 (waar die straf vir afgodery die banvloek is) met Deuteronomium 13:1-18 (waar die verskillende oortreders duidelik omskrywe word en die doodstraf geëis word). Die stad wat egter verlei word, moet deur die banvloek getref word.
* Vergelyk Eksodus 22:21 met Levitikus 19:33-35, Deuteronomium 10:18-19, ensovoort.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Bondsboek sekere fundamentele beginsels bevat. Die bepalings is later anders beskrywe. Die wette het dus 'n tydsgerigtheid wat in hulle 'uitwendige' vorm aangedui is. Tog is die wette nie bloot versamelings en formulerings van mense nie, want die klem val nie op menslike bepalings (regte) van of vir die mens nie, maar op bepalings van יהוה vir die mens. יהוה sal self die toepassing van die wette toets (Eks. 23:1-9). Hy sal die goddelose nie regverdig verklaar nie (Eks. 23:7). Dit gaan wesenlik om die verbondsverhouding God-mens waarin die mens die tydgerigte toepassings aktueel beleef het.

## 4. Deuteronomium

Deuteronomium is seker een van die mees omvattende samevattings van ou Israel se geloofswaarhede en wette (vgl. Lion-Cachet, 1990:123). Dié werk kan toegeskrywe word aan verskillende versamelaars uit die Levitiese kringe van die Noorde en Suide. Gewoonlik word die vernaamste versamelarbeid gedurende die hervormings in die dae van Josia gestel (vgl. Patric, 1985:146-147; Rendtorff, 1985:127,156).

In Deuteronomium 5-26 volg die eintlike bepalings in 'n oorredende styl. Deuteronomium 5:6-11:32 gee die basiese bepalings (die belangrike Dekaloog, die *Sjema*, belydenisse en vermanings).

*Deuteronomium* 6:20-25 begrond die betekenis van die geregtigheidsverhouding in die onderhouding van die insettinge en bepalings van die HERE. Dié perikoop volg op die duidelikste uiteensetting van die wese van die mens in sy verbondsverhouding tot die HERE, naamlik die oproep tot die erkenning dat die HERE EEN is en dat die mens Hom met sy totale menswees moet liefhê (6:4-5). Hierdie belydenis moet aan die nageslag oorvertel word (6:6-9), dit mag in die beloofde land nie vergeet word nie (6:10-15), maar almal moet voortdurend aan die onderhouding van die gebooie herinner word (6:16-19). Dan volg die onderrig:

| | |
|---|---|
| 6:20-21a | Die inleiding (situasie). |
| 6:21b-24 | Die verbondsonderrig ('n credo). |
| 6:21b-22 | - Die verlossing uit Egipte. |
| 6:23 | - Die inbesitname van die land. |
| 6:24 | - Die eis van die HERE met 'n belofte. |
| 6:25 | Kommentaar: dit sal *geregtigheid* wees voor die aangesig van die HERE onse God ... . |

(Vgl. Craigie, 1976:174-5; Von Rad, 1966:65; Thompson, 1974:126-7.)

Dié perikoop het eerstens betrekking op die vraag van die seun. Die seun vra wat die betekenis van die getuienisse, insettinge en verordeninge is en daaronder neem die erkenning van die enigheid van die HERE (6:4), die liefde tot Hom (6:5) en die vrese vir Hom (6:13) 'n belangrikke plek in. Daarby is 6:21a-24 'n belydenis in die kleine (Von Rad, 1966:65; Lion-Cachet, 1990:13), wat ten diepste in die volbringing van die bepalings die ontsag en liefde vir die HERE vra. Die belydenis is self 'n erkenning van God se dinamiese verlossingsaktiwiteit sodat die klem nie soseer op die onderhouding van die insettinge val nie as op die erkenning van God se werke (vgl. Thompson, 1974:126-127). Dit gaan meer om die gesindheid as om die volbringing van wette. Thompson (1974:174) sê dan ook dat geregtigheid "the true and personal relationship with the covenant God" is, en Von Rad (1966:65) merk op dat geregtigheid "denotes a man's correct atti-

tude towards claims which others or another – in this case God – have upon him". Die onderhouding van die insettinge is dade van dankbaarheid (Ridderbos, 1950: 44).

God eis van die mens 'n regte verhouding teenoor Hom en teenoor sy medemens en dit word klinkklaar in die Tien Woorde (Eks. 20, Deut. 5) gestel. Von Rad (1963:196) sê daarom tereg: "... in revealing them Jahweh had given proof of his loyalty to his community relationship with Israel". Hierby kan gevoeg word dat die HERE sy verhouding tot Hom in 'n verbond vasgestel het (Gen. 12, 15, 17) waarin die eise, veral in die Dekaloog (Eks. 20, Deut. 5), gestalte gevind het. Die term *verbondstrou* (חֶסֶד) beskrywe God se trou terwyl die term *geregtigheid* (צֶדֶק) vir die swakke menslike party gebruik word (vgl. Koch, 1976:516). Die mens is regverdig as hy voldoen aan die vereistes van die verbondsverhouding met God. Hierdie verhouding veronderstel ook die grootste opoffering en tegemoetkoming sonder om die waarheid en die egtheid van die verhouding onder verdenking te bring.

Die eis om aan geregtigheid in sy eie verhoudingskonteks te voldoen, is geldig in die lewe van elke dag (in 'n sosiaal-etiese sin) en moet gehandhaaf word (die juridiese aspek). Hierdie aspekte van die geregtigheideis kan duidelik in Deuteronomium 16:18-20 gesien word.

Die pligte van die volksleiers word in Deuteronomium 16:18-18:22 genoem. Deuteronomium 16:18-20 stel die verpligtinge van die regters en hofamptenare, 17:8-13 die taak van die Levitiese priesters en regters, 17:14-20 die roeping van die konings, terwyl 18:1-8 oor die regte van die priesters en Leviete en 18:9-22 oor die optrede van die profete handel. In die hele samelewingstruktuur word die regters geroep om geregtigheid te handhaaf (Deut. 16:18-20, vgl. ook Eks. 23:6-8):

16:18 – Inleidend: die aanstelling van regters en hofamptenare om te oordeel volgens 'n regverdige regspraak

16:19 – Apodiktiese eise ten opsigte van die regterlike optrede:

*Jy mag die reg nie verdraai nie* (vgl. Eks. 23:1,2,7).

*Jy mag nie partydig wees nie* (vgl. Eks. 23:3,6,9).

*Jy mag geen omkoopgeskenk aanneem nie* (vgl. Eks. 23:8)

(gevolg deur 'n kort motivering; vgl. Brongers, 1960:185).

16:20 – Slot: die woord *geregtigheid* word herhaal, beklemtoon en opgevolg deur die belofte dat *jy kan lewe in die land wat HERE jou sal gee*.

Deuteronomium 16:18-20 het voluit met regters en regshandhawing in 'n gemengde samelewing te doen. Inleidend word van die regters en hofamptenare gespreek. Die besonderhede van hulle juridiese sisteem val buite die bestek van hierdie artikel. (Vir 'n breër bespreking kan Von Rad, 1966:114-115; Thompson, 1974:199-200 of De Vaux, 1961:271 e.v geraadpleeg word.) Dit is egter van belang om te besef dat elkeen in Israel ('n inwoner of vreemdeling) die reg gehad het om hom op regters te beroep. "Every individual in Israel had rights according to God's law" (Thompson, 1974:200).

Aan die regters word op apodiktiese wyse, soos in die Dekaloog, voorgeskrywe hoedat hulle in die regshandhawing moet optree. Hulle mag eerstens nie die reg verdraai, uitrek of plooi nie. Hy wat die reg van die vreemdeling, wees en die weduwee verdraai, is 'n vervloekte voor God (vgl. Deut. 27:19). Dit gaan tweedens om die persoon wat voor die regbank verskyn. Daar staan letterlik: "Jy mag nie gesigte herken nie." Jy mag nie op die voorkoms van 'n persoon let nie; dit gaan om die saak en nie om die persoon nie. Die vertalings lê hier tereg klem op die onpartydigheid van die regters. Derdens moet die regters bo alle beïnvloeding verhewe wees. Geen omkoopgeskenke mag aangeneem word nie.

Die gevolg van 'n regverdige regstelsel en regshandhawing is lewensmoontlikhede in die land wat die HERE sal gee. Let op die verbondskonteks. Sonder geregtigheid met sy vertroue op die HERE en die mense onderling kan geen gemeenskap bestaan nie.

Die inhoud van die reg, die insettinge en regsbepalings word nie in hierdie perikoop beskrywe nie. Deur die bepalings en insettinge in die res van Deuteronomium en die ander dele van die Pentateug na te gaan, is dit egter nie moeilik om 'n goeie idee te kry van die aard van die reg wat gehandhaaf moet word nie. Geregtigheid hou rekening met die volgende aspekte: die beveiliging van 'n persoon (Deut. 22:8; Eks. 21:28-31); die voorreg dat elkeen die vrug van sy arbeid kan geniet (Deut. 24:14; Lev. 19:13); die eis dat geen mens belaster mag word nie (Deut. 19:15-19; Eks. 20:16; Lev. 19:16); die voorreg van 'n verarmde om weer as 'n vry mens in die samelewing te beweeg (Deut. 15:12-18; Eks. 21:2; Lev. 25:39-42, 47-55); die beskerming van die minderbevoorregtes, armes en gestremdes (Deut. 23:19; 24:14; Lev. 19:14, 33; 25:35). (Vgl. Stek, 1978:150-154 en die "Pastoral statement" of die latere ietwat gewysigde vorm daarvan: "Declaration on human rights" van die GES – GKSA, 1985:629-637, 651.)

Die regterlike uitspraak en toepassing van die straf moet billik wees (Deut. 25:1-3). Die HERE God het die norm vir 'n menswaardige behandeling aan ou Israel gegee en niemand kon sy eie norme vasstel nie. Selfs die koning was aan die wet onderworpe en kon homself nie daarbo verhef nie (Deut. 17:18-20). Bogenoemde norme is geen koue en gevoellose wette nie, maar is in die liefde ingebed. In geregtigheid gaan dit om die liefde tot God (Deut. 6:6) en die medemens. Die liefde

tot die vreemdeling word in besonder genoem (Deut. 10:19; Lev. 19:24). "Thus law was for Israel much more personal: it was God's will for order, which in the end could never become really stabilised and objective" (Von Rad, 1963: 95). In 'n sekere sin is liefde en geregtigheid sinonieme (vgl. Stek, 1978:158). Geregtigheid en liefde wil aan 'n ander gee wat hom toekom.

Die tydsgerigtheid in die uitwendige struktuur van die norme (die erkenning van die bestaan van slawe – Deut. 12:12; 16:11; Lev. 25:42, die bepaling dat 'n nuwe huis 'n leuning op die dak moet hê – Deut. 22:8, die roeping van die oudstes van die stad – Deut. 22:18, die bepalings vir die dagloner in die poorte – Deut. 24:14, ens.), maak die beginsels van regverdige optredes nie irrelevant nie, net so min as wat die beginsels in die Dekaloog, waarin ook van 'n slaaf sprake is, die Dekaloog irrelevant gemaak het.

*Samevattend*: dit blyk uit Deuteronomium dat God geregtigheid (gemeenskapstrou) in die alledaagse Israelitiese samelewing (sosiaal-etiese en juridiese geregtigheid) vereis het deur die getroue nakoming van gesagvolle norme. Hierdie geregtigheid is nie humanisties gewortel nie en kan nie losgemaak word van die liefdesverhouding van die mens tot God en die mens tot sy medemens nie. Alhoewel die norme waaraan geregtigheid getoets kan word in 'n Israelitiese konteks gegee is, het die norme 'n wyer en beginseldraende trefkrag.

## 5. Die priesterwette (Levitikus 19)

Die priesterlike wette in Levitikus en Numeri word beskou as van die laaste versamelings van die oorgelewerde wette en bepalings en as dit in die na-ballingskaptyd gedoen is, was dit grondliggend vir 'n klein Israelitiese gemeenskap in 'n vyandige omgewing (vgl. Childs, 1979:123-124). In die versamelings, wat rofweg ooreenkom met die sogenaamde P-kodeks, kan verskillende stadia ontdek word waarvan sekere subversamelings moontlik nog herkenbaar is, byvoorbeeld die 'Heiligheidswet' (vgl. Fohrer, 1968:181; Rendtorff, 1985:145, 147). Alhoewel Levitikus 17-26 nie met sekerheid as 'n bundel geïndentifiseer kan word nie, is hierdie gedeelte tog 'n 'eenheid' wat religieuse en sosiaal-etiese wette bevat. 'n Duidelike begronding word in Levitikus 19 gegee.

Dit is moeilik om die logiese gedagtegang in Levitikus 19 (of die struktuur van die perikoop) van die finale redaksie te bepaal. Sommige oordeel dat verse 3-18 'n eenheid vorm wat weer onderverdeel kan word. Die 'enkelvoudgedeeltes' is dan die oudste terwyl die byvoegings van 'n lang tradisie getuig (vgl. Gispen, 1950:273; Noth, 1965:138-139). Dit is wel opmerklik dat na die inleidende verse (1-2) twee perikope (vs. 3-18 en 19-37) afgebaken kan word. Die tweede perikoop word ingelei en afgesluit deur die woord *insettinge*. Inhoudelik het die eerste perikoop meer met die trekkende volk te doen en getuig dit van hulle hoë ouderdom, terwyl die tweede die houding van die volk teenoor die vreemdelinge in

die land beklemtoon. Wat die inhoud betref, word 'n bont mengsel van godsdienstige, sedelike en selfs burgerlike wette onderskei. Die samevoeging van die verskillende wette beklemtoon op 'n sonderlinge wyse die aard van die Israelitiese lewensbeskouing (Gispen, 1950:272).

Levitikus 19 bevat dus 'n inleiding (verse 1-2) en dan bepalings vir die trekkersvolk (verse 3-12) waarin die onderhouding van die Sabbat (vs. 3) en persoonlike verhoudings (vs. 13-18) beklemtoon word:

| | | |
|---|---|---|
| 13 | *Jy mag jou naaste nie verdruk nie* | A |
| 14 | *Jy moet jou God vrees* | B |
| 15 | *Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel* | C |
| 18 | *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* | D |

Verse 19-37 bevat bepalings vir die volk in die land waarin ook die onderhouding van die Sabbat beklemtoon word (vs. 30) en soortgelyke bepalings as in die eerste gedeelte:

| | | |
|---|---|---|
| 32 | *Jy moet jou God vrees.* | B |
| 33 | *Julle mag hom ('n vreemdeling) nie verdruk nie.* | A |
| 34 | *Jy moet hom (die vreemdeling) liefhê soos jouself.* | D |
| 36 | *Julle moet 'n regte weegskaal, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin hê.* | C |

Na baie van die bepalings volg die woorde "Ek is die HERE" (8 keer) of "Ek is die HERE julle God" (7 keer) waarvan die bewoording in vers 36 volledig is: "Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het" is. Op hierdie wyse is die gesagvolle eis vir die regte verhouding met God ongetwyfeld gestel. Die sporadiese simmetrie tussen die eerste en die tweede perikope beklemtoon nie alleen die eis om geregtigheid teenoor 'n mede-Israeliet nie maar ook teenoor die vreemdeling.

Die versameling van bepalings in Levitikus 19 word beheers deur die inleidende woorde in vers 2: "Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig." God is eg in al sy deugde en absoluut betroubaar in sy selfopenbaring en sy woord. Hy is getrou aan sy eie wese en is ver bo alle sondigheid verhewe. Die HERE eis daarom ook betroubaarheid en egtheid by diegene aan wie Hy Hom verbind het. Sy heiligheid is die beginsel waarop die verskillende gebooie vir sy volk rus, en waarop die insettinge in Levitikus 19 uitgespel is. As die mens God se eise volbring en sodoende beantwoord aan die eise van dit wat hy moet wees, is hy heilig. Die mens se vrese (ontsag, liefde, diens) van God (vers 14 en 32), sy liefde vir sy naaste en vreemdelinge (verse 18 en 34) en sy geregtigheid (verse 15 en 36) is openbaringsvorme van sy heiligheid. Die mens se verhouding tot sy God, sy verhouding tot sy naaste en geregtigheid (sy egte betroubaarheid in sy Godsvrese en naasteliefde) mag nooit van mekaar geskei word nie.

Geregtigheid kan daarom nooit 'n 'neutrale' of 'koue' regsterm wees nie. Heiligheid is geen vae of mistiese term nie maar blom uit in die daaglikse lewenspraktyk en word in die nakoming van geregtigheid op alle terreine van die lewe gesien (Gispen, 1950:273; Keil & Delitzsch, 1949:418). Geregtigheid in Levitikus 19 is dus weer eens gebaseer op die Dekaloog soos toegepas op die lang burgerlike lewe en die kultus.

## 6. Gevolgtrekking

* Geregtigheid is 'n verhoudingsterm wat na 'n aktuele verhouding tussen twee partye of persone verwys en 'n optrede veronderstel wat ooreenkom met, of trou is aan die eise wat uit so 'n verhouding ontstaan. In die Pentateug is hierdie verhouding plegtig in die verbond van God met sy volk bekragtig. Die mens is alleen geregverdig as hy sy deel voor God en teenoor sy naaste volbring. Elkeen moet ontvang wat hy behoort te ontvang.
* Die Bondsboek bevat van die vroegste geformuleerde fundamentele en ander wette uit 'n vroeëre agrariese en stadsamelewing wat op 'n eie unieke wyse geformuleer is. Die klem val nie op die mens as mens nie, maar op bepalings van die verbondsgod יהוה vir die mens. יהוה sal self die toepassing van die wette toets (Eks. 23:1-9).
* Deuteronomium 6:20-25 gee insig in religieuse geregtigheid. As 'n seun vra wat die betekenis van die getuienisse, insettinge en verordeninge van die HERE is (daaronder val die erkenning van die enigheid van die HERE, die liefde tot Hom en die vrese vir Hom), volg die antwoord wat die vader moet gee en dit is 'n kort belydenis. In hierdie belydenis gaan dit nie soseer om die onderhouding van die insettinge nie, maar om die erkenning van God se verlossingsdade. Dit gaan meer om die gesindheid as om die volbringing van wette. Die onderhouding van die insettinge is dade van dankbaarheid.
* Die pligte van die volksleiers word in Deuteronomium 16:18-18:22 genoem en die roeping van die regters kom heel eerste in 16:18-20 aan die beurt. Regverdige regters en 'n regverdige regstelsel en regshandhawing is nodig om 'n rustige gemeenskap te skep – 'n gemeenskap waarin die mense mekaar onderling kan vertrou. Sonder geregtigheid met sy onderlinge vertroue en gewilligheid om nie troueloos te handel nie (die wette te handhaaf), kan geen gemeenskap bestaan nie.
* In die lig van Levitikus 19 is die HERE se heiligheid die beginsel waarop die verskillende gebooie van die HERE vir sy volk rus. As die mens God se verbondseise volbring en sodoende beantwoord aan die eise van dit wat hy moet wees, is hy heilig. Die mens se vrese (ontsag, liefde, diens) van God, sy liefde vir sy naaste en vreemdelinge, en sy geregtigheid is openbaringsvorme van sy heiligheid. Geregtigheid is dus nooit bloot 'n humane, 'n 'neutrale' of 'koue' regsterm nie.

Voorbeelde van norme wat in die Pentateug voorkom, raak die beveiliging van 'n persoon en sy eiendom, die reg van enigeen op 'n regverdige verhoor, die voorreg om as vrye mens in die samelewing te beweeg, ensovoort. Hierdie geregtigheidsnorme is nie humanisties gewortel nie en kan nie losgemaak word van die liefdesverhouding van God tot die mens en die eis tot wederliefde van die mens tot God nie. Dit is juis hierdie begronding wat daartoe lei dat geregtigheid tussen mense ook nie sonder onderlinge vertroue en liefde kan bestaan nie. Die beginsels in hierdie norme het 'n wyer en bo-tydelike trefkrag.

## Bibiografie


ALT, A. 1966. Essays on Old Testament History and Religion. Translator: Wilson, R.A. Oxford : Blackwell.

BOECKER, H.J. 1980. Law and the Administration of Justice in the Old Testament and Ancient East. Translator: Moiser, J. Minneapolis : Augsburg.

BRONGERS, H.A. 1960. Oud-Oosters en Bijbels recht. Nijkerk : Callenbach.

BRUNNER, E. 1948. Gerechtigheid. Een leer van de grondbeginselen ener maatschappelijke orde. Vertaler: Van Overbeek, G. Amsterdam : W. Ten Have.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike godsdiens, I. Vertaler: Simpson, W.H. Potchefstroom : CJBF.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike godsdiens, VI. Vertaler, Simpson, W.H. Potchefstroom : CJBF.

CHILDS, B.S. 1974. Exodus. (OTL.) London : SCM.

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM.

CRAIGIE, P.C. 1976. The Book of Deuteronomy. (NICOT.) Grand Rapids : Eerdmans.

DE VAUX, R. 1961. Hoe oude Israel leefde. Roermand : Romen & Zonen.

DU PLESSIS, L.M. 1986. Justice or Judgement? The Biblical Concept of Social Justice Applied to Southern Africa. *Orientation*, 41:1-14.

EICHRODT, W. 1961. Theology of the Old Testament I. London : SCM.

FENSHAM, F.C. 1970. Exodus. (POT.) Nijkerk : Callenbach.

FOHRER, G. 1968. Introduction to the Old Testament. Translator: Green, D.E. Nashville : Abingdon.

GERSTENBERGER, E.S. & SCHRAGE, W. 1980. Suffering. Translator: Steely, J.E. Nashville : Abingdon.

GISPEN, W.H. 1950. Het boek Leviticus. (COT.) Kampen : Kok.

GKSA. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1985. Handelinge van die twee en veertigste nasionale sinode in Potchefstroom. Potchefstroom : Herald.

KEIL, C.F. & DELITZSCH, F. 1949. The Pentateuch Vol. II. (BCOT.) Translator: Martin, J. Grand Rapids : Eerdmans.

KNIGHT, A.F. 1984. Isaiah 40-55. Servant Theology. Grand Rapids : Eerdmans.

KOCH, K. 1976. צדק gemeinschaftstreu/heilvoll sein. (*In* Jenni, E & Westermann, C. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Vol. II. München : Kaiser Verlag.)

KOEHLER, L. & BAUMGARTNER, W. *ed.* 1958. Lexicon in Veteris Testamenti Libros. Leiden : Brill.

LION-CACHET, F.N. 1977. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ongepubliseerde proefskrif.)

LION-CACHET, F.N. 1990. Die eerste boeke van die Ou Verbond. Kanoniek van die Torah/Pentateug. Potchefstroom : DSP.

NOTH, M. 1962. Exodus. (OTL.) London : SCM.

NOTH, M. 1965. Leviticus. (OTL.) London : SCM.

PATRIC, D. 1985. Old Testament Law. Atlanta: John Knox.

PEDERSEN, J. 1926. Israel. Its Life and Culture I-II. London : Oxford University.

POP, F.J. 1951. Bijbelse woorden en hun geheim. 's Gravenhage : Boekencentrum.

QUELL, G. 1964. δίκη ... δικαιοσύνη ... The Concept of Law in the Old Testament. (*In* Kittel, G., *ed.* TDNT. Vol. 2. Grand Rapids : Eerdmans. p. 174-178.)

RENDTORFF, 1985. The Old Testament. An Introduction. Translator: Bowden, J. London : SCM.

RIDDERBOS, J. 1950. Het boek Deuteronomium. (KV.) Vol. I. Kampen : Kok.

STEK, J.H. 1978. Salvation, Justice and Liberation in the Old Testament. *Calvin Theological Journal*, 13(2):133-165.

THOMPSON, J.A. 1974. Deuteronomy. (TOD.) London : Intervarsity.

VAN SELMS, A. 1961. Die Bondsboek en die reg van Gosen. *Hervormde Teologiese Studies*, 16:329-343.

VON RAD, G. (1962) 1963. Old Testament Theology. Vol. 1. Translator: Stalker, D.M.G. Edinburgh : Oliver and Boyd.

VON RAD, G. 1966. Deuteronomy. (OTL.) London : SCM.

WEBER, H.E. & WOLF, E. 1949. Gerechtigkeit und Freiheit. München : Chr. Kaiser.